## JAARVERGADERING VAN DIE HISTORIESE GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Die Jaarvergadering van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika is op 16 Oktober 1965 aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys gehou. In werklikheid het by die geleentheid drie afsonderlike funksies plaasgevind. Gedurende die oggend is 'n konferensie gehou wat deur ongeveer 200 belangstellendes bygewoon is en waar prof. H. J. Bingle, Rektor van die P.U. vir C.H.O. 'n referaat gelewer het oor *Die Onderrig van Geskiedenis as Vak.* Mnr. H. A. Whitecross, Hoof-inspekteur van Onderwys in Transvaal, het 'n geleentheidsrede gelewer wat elders in hierdie uitgawe van *Historia* gepubliseer word.

Gedurende die middag het die Federale Hoofbestuur van die Genootskap vergader en omdat verteenwoordigers van Kaapland, die Oranje-Vrystaat en Natal die vergadering kon bywoon, het 'n baie vrugbare bespreking plaasgevind. As 'n gevolg van besluite wat geneem is, sal die Genootskap sy vleuels weier kan uitsprei en sonder twyfel belangstelling kan opwek in kringe waar dit tot dusver ongelukkig nog nie bestaan het nie. By die geleentheid is dr. J. J. van Tonder vir die elfde agtereenvolgende keer tot voorsitter verkies. Mnr. G. A. Chadwick van Natal is tot onder-voorsitter gekies en mnr. J. H. Dippenaar en mnr. R. Maree respektiewelik tot penningmeester en sekretaris. Ander lede van die hoofbestuur is prof. F. J. du T. Spies (Transvaal), mnr. K. J. Pienaar (Oranje-Vrystaat), mnr. B. J. Grobbelaar (Suidwes-Afrika), mnr. J. J. Smit (Kaapland), prof. J. J. Oberholster (Oranje-Vrystaat), prof. G. S. Nienaber (Natal), prof. A. N. Pelzer en prof. J. S. du Plessis.

Die verrigtinge is afgesluit met 'n openbare byeenkoms in die Stadsaal waar die tienjarige bestaan van die Genootskap gevier is en waar Sy Edele mnr. Jan de Klerk, Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap as feesredenaar opgetree het.